Wes-Kaap Onderwysdepartement
Moya Combrink
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Moya.Combrink@westerncape.gov.za | 021 467 2626

Lêerno.: 19/3/3
Verwysing: 20220602-2769

Assesseringsbestuursminuut: 0008/2022

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Adviseurs, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Uitnodiging om aansoek te doen vir die pos as monitor vir die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) en Senior Sertifikaat- (SS-) eksamen in 2022/23

1. Die gehaltebeheer, behoorlike optrede, administrasie en bestuur van die eksamen is noodsaaklik op alle vlakke van die onderwysstelsel. Om te verseker dat die NSS-/SS-eksamen geloofwaardig is, gaan die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) die monitering van die eksamen regdeur die provinsie versterk.

2. Die minimum norme en standaarde vir die monitering van eksamensentrums gedurende die eksamen word uiteengesit in die *Regulasies betreffende die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaateksamen*, gepubliseer in *Staatskoerant No*. 37651 van 16 Mei 2014, soos gewysig in 2019.

3. Die WKOD nooi hiermee voormalig indiensgeneemde (afgetrede) opvoeders of amptenare, met die toepaslike eksamen- en bestuursondervinding, uit om aansoek te doen om die NSS- en SS-eksamen in 2022/23 te monitor.

4. Die potensiële aansoeker moet aan die volgende kriteria voldoen:

4.1 Was voorheen in diens as 'n kringbestuurder hoofonderwyskundige, adjunk-hoofonderwyskundige, senior kurrikulumbeplanner, vakadviseur, senior onderwyskundige, prinsipaal, adjunkhoof, of eksamenamptenaar (bv. assistentdirekteur, adjunkdirekteur, direkteur) by die WKOD.

4.2 Het ten minste drie jaar ondervinding in die monitering of afneem, administrasie en bestuur van die NSS-eksamen.

4.3 Het geen kriminele/wangedrag rekord nie.

4.4 Is nie ouer as 69 voor of op 31 Augustus 2023 nie. 'n Mediese sertifikaat van 'n mediese dokter sal vereis word om gesondheidstoestand te bevestig.

5. Daar sal van aansoekers verwag word om tussen sentrums te beweeg en moet van hul eie vervoer gebruik maak vir hierdie reisdoeleindes. Aansoekers moet ook virtuele vergaderings bywoon, daaglikse verslae verskaf en enige voorvalle/onreëlmatighede by skryfsentrums aanmeld en daarom moet hulle verseker dat hul internetverbinding het.

6. Alle monitors wat aangestel word, sal deur 'n keuringsagentskap gekeur word en 'n persoonlike risikobeoordelingsverslag/profiel sal aangevra word.

7. U sal weens die volgende redes nie as 'n monitor aangestel word nie:
   - Is uit die diens van enige Suid-Afrikaanse staatsdepartement ontslaan.
   - Het 'n vrywillige diensbeëindigingspakket aanvaar.
   - Weens swak gesondheid afgetree.
   - Het 'n risiko-aanduiding wat "Risiko" op u risiko-assessering/profiel aandui.

8. Aansoeke moet voor of op **15 Julie 2022** ingedien word.

9. Aansoeke kan slegs elektronies via 'n rekenaar of selfoon via die volgende skakel ingedien word https://forms.office.com/r/Rv73YECGCA of deur die VR-kode te gebruik.

10. Die persoonlike geloofwaardige openbaarmakingsvorm sal na die sluitingsdatum aan alle aansoekers gestuur word. Die volledig voltooide dokument en 'n gewaarmerkte afskrif van die aansoeker se ID moet so gou as moontlik in PDF-formaat geskandeer en per epos aan Moya.Combrink@westerncape.gov.za gestuur word.

11. Die volgende dokumentasie sal met aanstelling verlang word:
   - 'n Gesertifiseerde afskrif van die ID.
   - 'n Verifikasie van bankbesonderhede (Vorm Z56).
   - 'n Bygewerkte belastingsertifikaat.
   - 'n Voltooide persoonlike geloofwaardige openbaarmakingsvorm.
   - 'n Verklaring van vertroulikheid en konfidensialiteit

12. Monitors is ad hoc-aanstellings vir die tydperk vanaf 24 Oktober 2022 tot en met 31 Augustus 2023. Hierdie tydperk sluit die November 2022 NSS- en Mei/Junie 2023 NSS-/SS-eksamensessies in. Monitors sal deur die WKOD in kennis gestel word wanneer hulle dienste benodig word en sal slegs vergoed word vir dienste gelewer.

13. Alle monitors wat aangestel word, moet die inligtings- en opleidingsessies vir opsieners en monitors bywoon wat vir voor die aanvang van die eksamen geskeduleer is. Daar sal van monitors verwag word om 'n bevoegdheidstoets na die opleidingsessies te skryf. Indien 'n monitor nie aan die opleidingsinstruksies en -vereistes voldoen nie, behou die WKOD die reg voor om nie van die monitor se dienste gebruik te maak of hom/haar aan te stel nie. Monitors sal nie vergoed word vir die bywoning van die opleidingsessies nie.

14. Die vergoeding van monitors is gebaseer op Personeeladministratiewemaatreëls (PAM) se skaal, soos gepubliseer in *Staatskoerant* No. 39684 van 12 Februarie 2016. Monitors sal ook vergoed word vir vervoer-eise teen 'n vaste tarief soos uiteengesit in die PAM-dokument.

15. Die WKOD bevestig dat alle inligting wat verskaf word slegs vir aanstellingsdoeleindes gebruik sal word.

16. Prinsipale, distriksdirekteure, kringbestuurders en vakadviseurs word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle potensiële aansoekers te bring. **Die Direktoraat: Assesseringsbestuur kan nie verantwoordelikheid aanvaar indien potensiële aansoekers nie van die inhoud ingelig word nie.**

17. Die WKOD maak staat op u samewerking en ondersteuning in hierdie belangrike saak.

GETEKEN: H MAHOMED
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2022-06-15